basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

| PUNTE | |
|---|---|

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2014**
**GRAAD 5 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**TOETS**

**PUNTE: 60**

**DUUR: 1 ½ uur**

**PROVINSIE** ______________________________________________

**STREEK** ______________________________________________

**DISTRIK** ______________________________________________

**NAAM VAN SKOOL**______________________________________________

**EMIS-NOMMER (9 syfers)**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |

**KLAS (bv. 5A)** ______________________________________________

**VAN** ______________________________________________

**NAAM** ______________________________________________

**GESLAG (✓)**

| SEUN | | DOGTER | |
|---|---|---|---|

**GEBOORTEDATUM**

| C | C | Y | Y | M | M | D | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

**Hierdie toets bestaan uit 14 bladsye, die voorblad uitgesluit.**

**Instruksies aan die leerders**

1. Lees alle vrae en voer die instruksies uit.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
3. Die toets duur 1 ½ uur.
4. Die onderwyser sal jou deur die oefenvoorbeeld lei voordat jy met die toets begin.
5. Skryf netjies en leesbaar.

**Oefenvoorbeeld**

1. Omkring die regte letter van die antwoord.

   Watter woord is ŉ werkwoord in die onderstaande sin?

   Die onderwyser kyk elke dag na die leerders se boeke.

   A onderwyser

   B boeke

   C kyk

   D elke

Jou antwoord is korrek as jy die letter (C) omkring het.

2. Gee TWEE redes hoekom jy dink jy skool hierdie jaar (vanjaar) sal geniet.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Jy behoort iets soos die volgende te skryf:

Vanjaar (hierdie jaar) sal ek skool geniet omdat my Afrikaansonderwyser baie vriendelik is. Ek sal dit ook geniet omdat my ou vriend weer na ons skool teruggekom het.

**Die toets begin op die volgende bladsy**

**AFDELING A: LEES EN KYK**

1. Lees die onderstaande inligtingsteks en beantwoord dan Vraag 1.1–1.8



Nelson Mandela is een van Suid-Afrika se grootste legendes. Hy staan ook bekend as Madiba.

Madiba het die president van Suid-Afrika geword. Hy het die land gehelp om 'n vry land te word waar al die wette vir almal dieselfde is. Voorheen was daar baie onregverdige wette. Byvoorbeeld, wit en swart mense moes ver van mekaar af bly en na verskillende winkels toe gaan. Vandag kan ons onsself dit nie eens voorstel nie.

Mandela het sy lewensverhaal in 'n boek *A Long Walk to Freedom* neergeskryf. Hy het hierdie titel gekies omdat sy lewe 'n lang reis was om ons almal vry te maak. Voordat hy dit vir ons almal gedoen het, het hy baie jare in die tronk deurgebring, sonder sy familie en vriende. Hierdie tronk was op Robbeneiland naby Kaapstad.

Madiba was vir vyf jaar die president van die Republiek van Suid-Afrika. Hy het die wêreld geleer om Suid-Afrika te respekteer vir die manier waarop ons 'n vry land geword het.

Mense oral in die wêreld weet van Nelson Mandela. Ons sal hom nooit vergeet nie. Ons moet altyd probeer om sy boodskap van regverdigheid en respek na te volg.

[Aangepas uit: *A Long Walk to Freedom* deur Nelson Mandela]

1. Omkring die letter met die korrekte antwoord.

1.1 Wat is die beste titel vir die storie?

A Mandela se geboorte

B Suid-Afrikaanse wette

C Demokratiese Suid-Afrika

D Mandela se lewensverhaal

(1)

1.2 Watter een van die volgende wys dat Nelson Mandela, in die prentjie, oud is?

A Hy glimlag.

B Hy dra ŉ jas.

C Hy is net alleen.

D Hy het grys hare.

(1)

1.3 Hoe dink jy voel Nelson Mandela in die prentjie?

A Hartseer

B Kwaad

C Verveeld

D Bly

(1)

1.4 In watter tronk het Nelson Mandela baie jare spandeer?

A Kaap-eilandtronk

B Paarl-tronk

C Suidtronk

D Robbeneiland-tronk (1)

1.5 Wat beteken onregverdig in die volgende sin?

"Die wette was onregverdig."

A Die wette was maklik.

B Die wette was ongelyk.

C Die wette was dieselfde.

D Die wette was nie gepas nie. (1)

1.6 Voltooi die volgende sin.

Nelson Mandela is een van Suid-Afrika se grootste legendes omdat hy gehelp het dat die land 'n ________________ Suid-Afrika word.

(1)

1.7 Dit was goed vir Nelson Mandela om teen die onregverdige wette van Suid-Afrika te veg.

Maak 'n regmerkie (✓) in die korrekte blokkie. Gee 'n rede vir jou antwoord.

| Waar | Onwaar |
|---|---|

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________ (2)

1.8 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Wat is die hoofgedagte van die storie?

A Familie en gevangenes

B Lewe en dood

C Skoonheid en goedhartigheid

D Regverdigheid en respek (1)

2. Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan Vraag 2.1- 2.5.

**Kwatryne**

Ek sit pen op papier
ja, ek sit pen op papier
ek skryf ’n gedig
en dit sê: ek was hier.

*

*

Die lewe is ’n liedjie
ja, die lewe is ’n liedjie
as die woorde nie meer pas nie
dan neurie ons ’n bietjie.

[Aangepas uit Pieter Hugo]

2.1 Watter woord in reël 8 van die gedig het dieselfde betekenis as die woord “sing”?

____________________________________________ (1)

2.2 Wat doen die pen op papier? Verwys na reël 3.

____________________________________________ (1)

2.3 Skryf woorde uit die gedig neer wat rym met die volgende woorde, byvoorbeeld “die **man**
dra ‘n swaar **kan**”

2.3.1 'papier' - ______________________________ (1)

2.3.2 'liedjie' -______________________________ (1)

2.4 Skryf TWEE woorde in strofe 2 neer wat met dieselfde klank eindig.

____________________________________________ (2)


2.5 Skryf in EEN sin waaroor die gedig gaan.

____________________________________________________

____________________________________________________ (2)

3. Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord dan Vraag 3.1–3.3.

**Dokter aan die werk**




By die werk dra ek ŉ kort, wit jas oor my klere en ŉ stetoskoop (ŉ instrument wat dokters gebruik om na die geluide van die liggaam te luister) om my nek. As ek opereer, dra ek plastiese handskoene en ŉ masker oor my mond om pasiënte teen kieme te beskerm. My instrumente moet te alle tye skerp en skoon wees! Ek is ŉ dokter.

[Aangepas uit *English for Success* deur Sally Burt en Debbie Ridgard]

Voltooi die volgende sinne deur gedagtes/idees uit die bostaande paragraaf te gebruik.

Die dokter dra ŉ wit jas oor sy klere en ŉ 3.1 ______________________________ om sy nek.

As hulle opereer, dra hulle plastiese 3.2__________________________________ en ŉ masker oor hulle mond om pasiënte teen kieme te beskerm.

Hulle 3.3 ____________________________ moet alle tye skerp en skoon wees! (3)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

4. Omkring die korrekte voorsetsel tussen hakies.

Mnr. Nelson Mandela is 4.1( in / by ) Qunu gebore. Hy was in die tronk 4.2 ( op / langs ) Robbeneiland. Hy het gehelp dat al die wette 4.3 ( om / vir ) almal dieselfde word. Mnr. Mandela was lank 4.4 ( met / sonder ) sy vriende en familie. (4)

5. Omkring die woord tussen hakies wat korrek gespel is.

Dokters moet ŉ doktersjas by die werk (dra/drae). (1)

6. Skryf die onderstaande sin oor deur gebruik te maak van hoofletters, ŉ komma en ŉ punt.

dr sibisi rig rugby netbal en tennis elke woensdag in pinetown af

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (6)

7. Verbind die volgende sinne met “want”.

Mandla wil nie skool toe gaan nie. Sy skoene is weg.

Mandla wil nie skool toe gaan nie, want ________________________________

____________________________________________________________ (1)

8. Kies die korrekte voorvoegsel uit die blokkies om ŉ antoniem (ŉ woord met die teenoorgestelde betekenis) van die woord tussen hakies te vorm.

| | | |
|---|---|---|
| dis- | on- | ont- |

Dit is (regverdig) om mense verskillend te behandel.

______________________________________________ (1)

9. Kies die sinoniem (die woord met dieselfde betekenis) vir die onderstreepte woord.

Meneer Mandela was 27 jaar in die <u>tronk</u>.

Meneer Mandela was 27 jaar in die (gevangenis, kerk).

______________________________________________ (1)

10. Skryf die teenoorgestelde geslag van die onderstreepte woorde neer.

10.1 Nelson Mandela se <u>suster</u> bly langs Qunu.

______________________________________________ (1)

10.2 Die dokter het 'n leeumannetjie in die oerwoud gesien.

______________________________________________ (1)

11. Skryf die meervoud van die onderstreepte woord neer.

Die blou pen is sonder ink.

______________________________________________ (1)

12. Omkring die letter met die korrekte antwoord.

12.1 Dokter Reddy is (lank) as dokter Moodley.

A lanker
B langer
C langste
D meer lank (1)

12.2 Die dokter se jas is die (kort).

A korter
B kortste
C meer kort
D mees kort (1)

13. Skryf die volgende in die korrekte tydsvorme.

13.1 Skryf die volgende sin in die Teenwoordige tyd.

Ek het plastiese handskoene gedra.

______________________________________________ (1)

13.2 Skryf die onderstreepte woord in die Verlede tyd.

Ek <u>is</u> ŉ dokter.

______________________________________________ (1)

14. Verander die sin in die ontkennende (negatiewe) vorm.

Dokters dra swart jasse oor hulle klere.

______________________________________________ (2)

15. Verander die volgende sin in ŉ vraag.

Begin jou sin met "Wie".

Mandela het teen die onregverdige wette geveg.

______________________________________________ (2)

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**AFDELING C: SKRYF EN AANBIED**

16. Voltooi die volgende dialoog. Jy moet tien sinne skryf om die vrae te beantwoord.
Let wel! Jou dialoog moet minstens 100 woorde lank wees. Maak seker dat jy die korrekte formaat, korrekte grammatika, spelling en punktuasie gebruik.

*Jy het 'n sportdag by jou skool gehad. Jou ma wil weet hoe jou dag was.*

Ma: Welkom tuis my kind! Jy lyk baie moeg! Hoekom is jy so moeg?

Leerder: ____________________________________________

____________________________________________

Ma: Hoe laat het die besoekers van die ander skool by julle skool aangekom?

Leerder: ____________________________________________

____________________________________________

Ma: Wat het julle gemaak toe hulle aankom?

Leerder: ____________________________________________

____________________________________________

Ma: In watter sportsoorte het julle teen die ander skool deelgeneem?

Leerder: ____________________________________________________________

____________________________________________________________

Ma: Ek sien! Hoe laat het die wedstryde opgehou?

Leerder: ____________________________________________________________

____________________________________________________________

Ma: Dit was 'n lang dag. Watter skool het gewen?

Leerder: ____________________________________________________________

____________________________________________________________

Ma: Watter soort vrugte het hulle by die sport verkoop?

Leerder: ____________________________________________________________

____________________________________________________________

Ma: Ek hou van dié vrugte. Hoe het jy en jou vriende na die wedstryde gevoel?

Leerder: ____________________________________________________________

____________________________________________________________

Ma: Jy het die dag geniet. Wanneer is die volgende sportdag?

Leerder: ____________________________________________

____________________________________________

Ma: Goed, jy moet nou rus. Jy het ’n lang dag gehad.

Leerder: ____________________________________________

____________________________________________

**TOTAAL AFDELING C: 15**

**GROOTTOTAAL: 60**

Verwys na die memorandum vir riglyne.

| **VRAAG** | **PUNTETOEKENNING VIR VRAAG 16** | | |
|---|---|---|---|
| | **Kriteria** | **Punt** | **Leerder se punt** |
| 16.1 | Inhoud | 5 | |
| 16.2 | Taal, spelling en punktuasie | 5 | |
| 16.3 | Relevansie | 5 | |
| | **TOTAAL** | **15** | |